



Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012-654-1181 Faks 086-560-1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swartkop.co.za

Uit die Hoof se pen



'n Onbekende persoon het op 'n keer gesê dat jy vir die wêreld dalk net een persoon is, maar dat jy vir een persoon, dalk die wêreld kan beteken. God sê in Prediker 11:1 "Werp jou brood uit op die water, want ná verloop van baie dae sal jy dit vind". Hierdie is 'n ou Hebreëuse gesegde en baie van die jongmense van vandag, ken dit nie eers nie. Dit beteken net: deur te gee aan die wat minder bevoorreg is, sal daar weer aan jou gegee word. God gee ook aan ons die bevel in Deuteronomium 15:11 "Want die arme sal in die land nie ontbreek nie; daarom gee ek jou bevel en sê: Jy moet jou hand wyd oopmaak vir jou broer, vir die ellendige en die arme in jou land". Dis goed en wel om "iets" vir die arm mense te gee, maar die belangrikste wat ons kan gee is die "Evangelie van Jesus Christus". Kom ons begin vandag om brood op die water te werp, maar meer nog, werp ook die Lewensbrood op die water.

Weereens 'n besondere woord van dank aan die onderwysers, bestuur en beheerliggaam wat ons skool se belange op die hart dra om van hierdie moeilike situasie die beste te maak.

"'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop." - Spreuke 16:9

Infasering van ander grade (Gr RR – 6)



Ons is met opgewondenheid besig om gereed te maak om die res van die leerders van Laerskool Swartkop te ontvang. Volgens die Departement van Onderwys is die volgende datums deurgegee vir terugkeer:

6 Julie 2020 - Gr RR tot 3 en Gr 6
3 Augustus 2020 – Gr 4 en 5

In verlede week se omsendskrywe het ons aan u meegedeel dat die skool vir vervroegde infasering aangevra het by die Departement van Onderwys. Indien dit aan ons toegestaan word beplan ons die volgende terugkeerdatums:

6 Julie 2020 – Gr RR tot 3 en Gr 6
20 Julie 2020 – Gr 4 en 5

Indien die Departement nie ons versoek goedkeur nie, hou ons by eersgenoemde datums.

Roosterbeplanning vanaf 6 Julie



Die Skoolbestuur en Beheerliggaam het besluit dat die metode van Alternatiewe Skooldae die beste vir ons skool sal werk om sosiale afstand en die beperking van 50% toegelate leerders per keer op die skoolterrein te bewerkstellig. Hierdie metode geld vir alle grade van graad RR – 7 en begin op 6 Julie wanneer die ander grade infaseer.

Indeling behels die volgende:

- Alle klasse van Gr RR -7 word **alfabeties in twee groepe** verdeel.
- **Groep A** – Leerders met vanne vanaf A-L
- **Groep B** – Leerders met vanne vanaf M-Z

Uiteensetting hoe groepe mekaar gaan afwissel met 'n 6-dag rooster:

Groep A begin op Maandag, 6 Julie en Groep B op Dinsdag 7 Julie 2020



Grendelstaat
Nuusbrief 6

12 Junie 2020

Week 1	Maandag 6 Julie	Groep A	Dag 1
	Dinsdag	Groep B	
	Woensdag	Groep A	Dag 2
	Donderdag	Groep B	
	Vrydag	Groep A	Dag 3
Maandag 13 Julie	Groep B		
Week 2	Dinsdag	Groep A	Dag 4
	Woensdag	Groep B	
	Donderdag	Groep A	Dag 5
	Vrydag	Groep B	
	Week 3	Maandag 20 Julie	Groep A
Dinsdag		Groep B	
Woensdag		Groep A	Dag 1
Donderdag		Groep B	



'n Volledige dokument sal vooraf aan elke graad gestuur word met al die nodige reëlings.

Skooltye: Maandag tot Vrydag 7:30 – 13:40 (Skool sluit NIE meer op Vrydae om 13:00 nie a.g.v. die inhaal van akademiese werk).

Naskool

Vanaf Maandag, 6 Julie sal die naskoolsentrum, Swarrie Karnallies, oop wees vir alle ingeskrewe naskoolleerders. Hierdie diens word gebied met normale naskooltye. Heffings sal direk met elke ouer gekommunikeer word. Vir enige navrae, kontak Mnr. Korf of Me. Geerlings per e-pos.

Nuwe Skoolkwartale

Die Departement van Onderwys het die volgende skoolkalender in die Staatskoerant gepubliseer:

Kwartaal	Tydsduur	Aantal weke	Aantal dae	Publieke vakansiedae	Aantal skooldae
1	(13) 15 Januarie – 18 Maart	10	48(46)	0	(48)46
2	8 Junie – 7 Augustus	9	45	1	44
3	12 Augustus – 23 September	7	31	0	31
4	5 Oktober – 15 Desember	11	52	0	52
	Totaal	37	174	1	173



Let asseblief op die volgende BELANGRIKE punte:

- Laerskool Swartkop gaan by die vakansies hou soos hierbo uiteengesit.
- Ons beskou Kwartaal 2 se werk as afgehandel teen Vrydag, 3 Julie met MS Teams of werkspakkies.
- Ons het nog geen riglyne van die Departement i.v.m. assessering en eksamens ontvang nie. Ons lig u in sodra ons kennis kry.
- **Let wel:** Maandag, 15 Junie is 'n gewone skooldag

Hieronder is 'n uiteensetting hoe ons skool die akademiese werk gaan indeel:

Kwartaal	Akademiese werk word binne hierdie datums afgehandel	Aantal weke	Aantal dae	Publieke vakansiedae	Aantal skooldae
1	(13) 15 Januarie – 18 Maart	10	48(46)	0	(48)46
2	4 Mei – 3 Julie	10	50	1	49
3	6 Julie – 23 September	12	60	4	56
4	5 Oktober – 15 Desember	11	52	0	52

Publieke vakansiedae waarop die skool gesluit sal wees:

16 Junie 2020	Jeugdag
9 Augustus 2020	Nasionale Vrouedag
10 Augustus 2020	Publieke vakansiedag
24 September 2020	Erfenisdag
16 Desember 2020 (Skole sluit 15 Desember)	Versoeningsdag

Kinders wat skool verlaat weens Covid-19



Leerders tussen die ouderdom van 7 en 16 jaar (Graad 1 tot 9) is skoolpligtig volgens die SA Skolewet. Indien 'n ouer besluit om 'n skoolpligtige kind vir die res van die jaar uit die skool te haal, is daar verskillende scenarios:

- Volgens die bywoningsbepalings in die SA Skolewet (SASW) moet 'n ouer wat nie die skoolpligbepalings wil nakom nie, **toestemming** by die **provinsiale onderwysdepartement** verkry om dit te doen.
- Indien toestemming verkry is, kan oorweeg word om die leerder vir tuisonderrig by 'n kurrikulumverskaffer te registreer wat die leerder aan die einde van die jaar vir die betrokke graad sal sertifiseer.
- **Nie-registrasie** by 'n **kurrikulumverskaffer** impliseer dan die volgende:
 - Dat die kind strydig met die SA Skolewet van skoolbywoning weerhou is en **ouers vervolg kan word**;
 - Dat die kind **geen bewys** vir die jaar se leer sal hê nie;
 - Dat **geen formele sertifikaat** (rapport) vir die jaar uitgereik sal word nie; en
 - Dat die ouer moet besef dat enige skool die reg sal hê om te bepaal wat die **standaard** van die tuisonderrig was, ongeag of daar 'n sertifikaat uitgereik is al dan nie.

Sou ouers oorweeg om vir 2021 die leerder weer 'n skool in te skryf, hetsy dieselfde skool of 'n ander skool, moet die volgende in gedagte gehou word:

- Die **leerder is 'n nuwe aansoek**, soos enige ander aansoeker, en moet ingevolge die skool en toelatingsbeleid oorweeg word. Die **verhoogde eerste paaiement** sal dan gehêf word soos vir alle nuwe inskrywings.
- Plek in die skool of graad kan geensins gewaarborg word indien 'n leerder voorheen by dieselfde skool ingeskryf was nie.
- Die skool kan 'n "**plasing-assessering**" doen om te besluit of die leerder wel oor die nodige kennis en vaardighede beskik om in 'n spesifieke graad geplaas te word.
- Dit is nie vanselfsprekend dat die kind saam met sy ouderdomsgroep na die volgende graad bevorder sal word nie, tensy daar 'n formele sertifisering as bewys is dat die inhoud vir 2020 wel bemeester is.
- Die leerder kan dus moontlik deur die skool in dieselfde graad geplaas word waarin hy/sy in 2020 ingeskryf was.

Watter regte het die skool?

Die skool mag nie weier dat die ouer die leerder uit die skool verwyder nie. Skole moet 'n gesprek met die ouers voer en genoegsame inligting aan ouers verskaf om sodoende 'n meer ingeligte besluit te kan neem. Die skool is onder geen verpligting om die leerder tuis te ondersteun nie (tensy die registrasievoorwaardes van die provinsiale onderwysdepartement hiervoor voorsiening maak). Hier kan sekere gevalle binne die skool se beleid hanteer word, bv. 'n leerder van die skool wat 'n onderliggende siekte het bly ingeskryf by die skool en ontvang die nodige ondersteuning. Die skool kan oorweeg om personeel onder voorwaardes wat die skool bepaal, as tutors vir dié leerder beskikbaar te stel. Indien u met ons hieroor wil gesels kan u vir Me Esther Cronjé kontak by esther.cronje@laerskoolswartkop.co.za

Kinders wat nie terugkeer skool toe nie a.g.v. onderliggende mediese toestande



Stuur 'n e-pos aan Me. E Geerlings (elria.geerlings@laerskoolswartkop.co.za) met die volgende inligting:

- 'n Mediese sertifikaat waarin die onderliggende toestand gemeld word.
- Dit kan insluit: asma, tuberkulose, respiratoriese siektes en diabetes.
- Daarna sal Me. Geerlings 'n Departementele gesondheidsvraelys aan u e-pos wat dan ingevul en teruggestuur moet word.
- Leerders wat mediese kondisies het, sal nie afwesig gemerk word nie, maar hul moet op Swarrie Swot Skool inskakel om die werk te doen. Personeel sal hul aktiwiteite monitor.
- Ons het nog geen riglyne van die Departement i.v.m. assessering en eksamens ontvang nie. Ons lig u in sodra ons kennis kry.

Aanlynregistrasies vir graad 1 en 8 vir 2021



Volgens die Departement van Onderwys open die aanlynregistrasies vir Graad 1 en 8 op Donderdag, 25 Junie en sluit weer op Saterdag, 25 Julie. Ons het nog nie verdere inligting van die Departement van Onderwys ontvang nie, maar deel dit met u sodra ons iets ontvang.

Ouers van huidige graad R leerders wat volgende jaar in graad 1 gaan wees moet asseblief die [aansoekvorm](#) met stawende dokumente (Geboortesertifikaat, Inentingskaart, ID's van beide ouers en Bewys van adres) aan ons e-pos na inskrywings@laerskoolswartkop.co.za voor 25 Junie, indien u nog nie het nie. Skakel gerus die adminkantoor indien u onseker is of ons dit ontvang het. Leerders word by die skool sowel as op die Departement se stelsel by www.gdeadmissions.gov.za geregistreer en daarom benodig ons weer u inskrywingsdokumente asseblief.

Afhaal van Werkspakkies en Handboeke



Op **Maandag, 15 Junie** kan ouers wat pakkies bestel het dit kom afhaal in die volgende nuwe tydgleuwe van **9:00 tot 11:00** en **16:00 tot 17:00**.



LW. Geen pakkies sal buite hierdie tye uitgedeel word nie, aangesien geen besoekers volgens Departementele Regulasies toegelaat mag word op die skoolterrein nie. Die uitdeel van werkspakkies is 'n vergunning om ouers te help. Dit is slegs werkspakkies en die handboeke en skryfbehoeftes wat nog nie afgehaal is nie, wat uitgedeel word.

Swarrie Engele – Kruideniersware projek



'n Paar van ons gesinne word reeds sedert die begin van die inperking van kospakkies voorsien. Ons is egter afhanklik van skenkings en wil graag elke Maandag tussen 9:00 en 11:00 en weer van 16:00 en 17:00 (dieselfde tydgleuf as afhaal van werkspakkies) vir ouers geleentheid gee om skenkings van kruideniersware by die skool te kom aflaai. Graad 7 leerders kan items saambring skool toe. Ons sal 'n houer voorsien waarin items geplaas kan word en dit is deel van die Swarrie Engele Projek van die skool. Baie dankie vir u oop hand en hart. Voorstelle vir skenkings soos volg maar enige ander items sal ook baie waardeer word:

Gr RR/R: mieliemeel, koekmeel of blikkies tomatie- en uie sous

Gr 1: pasta of wortels

Gr 2: rys of soppoeier

Gr 3: Blikkies vleis of lemoene

Gr 4: Blikkies groente of ontbytpap

Gr 5: Koffie/tee of aartappels

Gr 6: Langlewe melk of suiker

Gr 7: Toilet papier / badseep of uie

Graad RR - 6 Registerklas kontaktyd



Daar gaan weer kontaktyd met elke register-personeellid en hul registerklas op MS Teams wees. Die tye verloop as volg en ons doen 'n beroep dat u kind dit sal bywoon. Daar sal weer 'n *link* vir die betrokke sessie na u **kind se skool e-posadres** uitgestuur word wat dan deur MS Teams se "meet" funksie bestuur word. Daar sal slegs van die kind se skool e-posadres gebruik gemaak kan word aangesien dit die amptelike geregistreerde domein is. Ons is bewus daarvan dat nie alle leerders kan inskakel in die spesifieke tydgleuf nie. Indien dit die geval is, hoef ouers en leerders nie bekommerd te wees nie, want dit is slegs 'n gesels-sessie.

Graad	Dag	Tyd
Gr RR en R	Maandag	09:00
Gr 1	Maandag	09:30
Gr 2	Donderdag	09:00
Gr 3	Donderdag	09:30
Gr 4	Woensdag	09:00
Gr 5	Woensdag	09:30
Gr 6	Woensdag	10:00

Swarrie Swot Skool (MS Teams)



Die leerders kan op hulle eie tempo en eie beplanning skoolwerk doen op **Microsoft Teams**, ook genoem **Swarrie Swot Skool**:

Alle leerders sal toegang hê tot die platform waar die werk wat behandel word beskikbaar sal wees. Die leerders het elkeen nou 'n e-posadres en "password" van die skool. Hierdie e-posadres sal gebruik word om

die Microsoft Teams te gebruik. Die e-posadres is u kind se naam.(punt)van@laerskoolswartkop.co.za bv. (jan.vandeventer@laerskoolswartkop.co.za). Die eerste keer aanteken wagwoord is **P@ssw0rd**

'n Volledige video is al deur die ouerforum versprei wat u sal verduidelik hoe om dit te doen. Indien u nog nie die video gesien het nie, kan u [hierdie](#) skakel volg om daarna te kyk.

Graad 4 tot 6 voorgestelde tydsindeling vir 'Swarrie Swot Skool'



Die leerders kan op hulle eie tempo en eie beplanning die week se werk afhandel, maar hieronder is 'n riglyn van hoe leerders hulle dag kan beplan met voorgestelde tydgleuwe. Personeel bied nie lewendig die lesse aan nie en daar sal soos nodig verduidelikings en leerinhoud onder die vak geplaas word.

Graad 4-6 voorgestelde rooster:

Vak Nr	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
1	Wiskunde	NW TEG	Engels	Afrikaans	PSW
2	Engels	Wiskunde	Afrikaans	NW TEG	Engels
3	PSW	Afrikaans	Wiskunde	SW	Wiskunde
4	Afrikaans	Kuns Musiek	NW TEG	Engels	NW TEG
5	SW	Engels	Kuns Visueel	Wiskunde	Afrikaans

Voorgestelde tye (pas aan volgens persoonlike voorkeur):

Tyd	Vak nr volgens rooster hierbo
07:45 – 08:15	1
08:15 – 08:45	2
08:45 – 09:15	3
09:15: – 09:30	Rustyd
09:30 – 10:00	4
10:00 – 10:30	5

Skooklerewinkel



Die skooklerewinkel sal nie soos normaal funksioneer nie omdat besoekers nie op die skoolterrein toegelaat word nie. Indien u wel klere wil aankoop, kan u vir Hanlie Beukes (083 456 7644) kontak en 'n afspraak met haar maak.

Snoepiebestellings



Die Kospot-snoepie is oop vir etes soos wat die grade infaseer. Ons versoek asseblief dat ouers hul kinders se etes **vooraf elektronies bestel** sodat aankope daarvolgens gedoen kan word. Gebruik asseblief die skakel vir bestellings:

https://docs.google.com/forms/d/1eOapthwOT6QbCE43KBDCfMGHWN_z0WmhcuBFthWJ9s/viewform?edit_requested=true

Groete - tot ons mekaar weer ontmoet

M VAN DER MERWE
SKOOLHOOF